

Preekskets: By die kruis van Christus kom 'n nuwe familie van God tot stand.
Skriflesing Johannes 19:16 -27

Teks: Joh 19: 26,27: *Toe Jesus sy moeder sien en die dissipel vir wie Hy baie lief was, wat by haar staan, sê Hy vir haar: "Daar is u seun." Daarna sê Hy vir die dissipel: "Daar is jou moeder." Van daardie oomblik af het die dissipel haar in sy huis geneem.*

Inleidend: 'n Ma se hartseer.

Netsoos haar Seun, was Maria bekend met hartseer en lyding. Vanaf sy geboorte was daar so baie gebeure wat haar kon ontstel en seermaak. Daar was nie plek vir haar in die herberg nie. Herodus wou haar baba vermoor! Watter emosionele pyn moes dit nie veroorsaak het om te weet dat al die seuntjies jonger as 2 jaar in Betlehem vermoor is, ter wille van haar Kind nie? Was dit nie pynlik om in die vreemde Egipte, weg van die ondersteuning van haar familie, te moet wegkruip ter wille van die lewe van haar Baba nie?

Die vyandskap van die priesters en die skrifgeleerdes teenoor Jesus moes soos 'n dolk deur haar hart gegaan het! Die skare wat skreeu - Kruisig Hom! en die doodsvonnis deur Pilatus, nadat hy Hom onskuldig bevind het, het haar sekerlik diep seergemaak en ontstel! Die lafhartige vlug van die meeste van die dissipels, die verraad van Judas en die verloëning van Petrus het groot emosionele pyn gebring.

Nou, hier by die kruis sien sy Hom gekroon met wrede dorings, bespot en sterwend! Geen woorde kan haar smart beskryf nie. Sowat 33 jaar tevore het 'n Geesvervulde Simeon haar gewaarsku - *daar sal 'n swaard deur jou siel gaan!* (Luk 2: 35). Na die geboorteverhaal hoor en sien ons min van Maria - sy bly in die agtergrond. Maar hier, by haar Seun se oomblik van helse smart, staan sy by die kruis. Hier word sy weer as die moeder van die Verlosser erken, en versorg.

As jy 'n ouer is wat 'n kind aan die dood moes afstaan, sal jy kan bevestig dat daar geen groter hartseer is om jou kind te sien ly nie. En om Hom te sien sterf op so 'n wrede manier? Hoe pynlik was die swaard nie wat deur haar siel gegaan het nie?

By die kruis staan sy moeder. Die skare spot en jou Hom uit! Die soldate is ongevoelig effektief in hulle taak! Jesus is besig om te sterf. Maar nogtans dink Hy aan sy ma. Hy herken en erken haar smart en haar rou-proses. Te midde van sy hel het Hy 'n woord vir haar - 'n woord van omgee en van versorging. En sy beste vriend, Johannes, staan ook daar. Hy is die enigste dissipel, behalwe die vroue, wat so sy liefde vir Jesus wys. "Liewe vriend", sê Jesus, "versorg my ma asof sy jou eie ma is" en "Liewe vrou, aanvaar my vriend en steun op hom asof hy u eie seun is!"

Jesus erken Maria se lyding. Te midde van sy eie smart sien Hy haar hartseer as 'n moeder en as 'n vrou wie se kind sterwend is. *As Jesus in hierdie oomblik soveel emosionele pyn kan herken en wil vertrouos - hoeveel te meer sal Hy nie vandag na jou hartseer luister as jy met Hom praat oor jou moedeloosheid en ongelukkigheid nie! Selfs aan die kruis demonstreer Jesus sy betrokkenheid by baie meer as net ons sonde nood! Hy gee erkenning aan al ons nood en pyn!*

Die volmaakte voorbeeld van gehoorsaamheid aan God

Jesus het sy lewe lank die gees en die letter van die wet van God volmaak onderhou! Nie noodwendig soos die Fariseërs dit gedoen het nie, maar volkome, soos God dit verwag. Hier aan die kruis, in sy hel, is daar nie 'n enkele een van die geboorte wat Hy nie nakom nie!

Hy onderhou ook die vyfde gebod. Hy eer sy ma. Hy sorg vir haar, respekteer haar en voorsien vir haar! Dié gebod haal Paulus soos volg aan in Ef 6: 1 - 4: *Kinders, wees as gelowiges aan julle ouers gehoorsaam, want dit is wat die wet van God vereis. "Eer jou vader en jou moeder" "sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde." En vaders, moenie julle kinders so behandel dat hulle opstandig word nie, maar maak hulle groot met tug en vermaning soos die Here dit wil.*

Dié gebod, die eerste met 'n belofte, gaan oor baie meer as gehoorsaamheid. Dit gaan oor liefde, omgee, respek, besorgdheid en dankbaarheid!

In sy derde kruiswoord sien ons 'n volmaakte voorbeeld hoe kinders van alle ouderdomme teenoor hulle ouers moet optree. Deur haar aan Johannes toe te vertrou aanvaar Jesus verantwoordelikheid vir haar versorging en behoefte aan liefde. - selfs wanneer Hy die troon vir ewig in die hemel gaan bestyg na sy triomf oor sonde en dood. Hy voorsien in haar onmiddellike en toekomstige behoeftes.

Maria was 'n weduwee. Sy het sorg, liefde en bedagsaamheid nodig. Die geliefde dissipel kry volmag van Jesus om ook hierin namens Hom op te tree.

Hierdie woord van Jesus, onder hierdie pynlike omstandighede, neem elke verskoning wat ons ooit mag hê om ons ouers af te skeep, weg. Selfs wanneer ons met die mees pynlike uitdagings worstel, bly ons vir ons naaste familie verantwoordelik. Het jy al jou ouers in die aftree-oord die week geskakel? Verstaan jy hulle behoefte aan aandag, aan iemand wat sal luister en aan iemand om lief te hê?

In elke omstandigheid moet ons soek na die volmaakte wil van God! Die toets en spieël van die 10 gebooue sal ons in selfondersoek wys hoe ons vaar, want ons moet ook hierin die Heiland se navolgers wees.

'n Nuwe familie kom tot stand by die kruis.

Hierdie kruiswoord het ook 'n dieper betekenis as net die trooswoord aan Maria. Al die kruiswoorde het 'n boodskap aan die universele kerk en aan al die gelowiges - en hierdie een het ook.

Dink net daaraan dat Jesus biologiese broers gehad het - die ander kinders van Maria. Waarom is hulle nie verantwoordelik om vir hulle weduwee ma te sorg nie? Die Heilige Gees wil vir ons iets leer wat ons nie moet miskyk nie!

In vergelyking met Jesus se biologiese familie, is die verhouding tussen Maria en Johannes anders, in die sin dat hulle altwee in Jesus glo! Albei aanvaar dat Hy die Messias is. Albei volg Hom getrou tot die bitter einde, terwyl die Skrif vir ons sê Jesus se biologiese familie het nie in Hom geglo nie - in elk geval nog nie geglo tydens die kruisiging nie - Sien Joh 7:5

Aan die voet van die kruis staan twee van Jesus se mees getroue en voorbeeldige dissipels - Maria en Johannes. Hulle besondere geloofsverhouding met Christus, plaas hulle ook in 'n besondere verhouding met mekaar. Jesus se woorde, "Daar is jou seun" en "daar is jou moeder" gee erkenning aan hierdie verhouding wat gebou is op hulle gemeenskaplike verhouding met Jesus. By die kruis van Christus word 'n nuwe familieverband geskep. Dis nie 'n familie wat op bloedbande geskoei is nie, maar op geloof in en gehoorsaamheid aan Jesus. Deur sy verlossingswerk aan die kruis vorm Jesus 'n nuwe familie. Dié familie ken ons as die Kerk van Christus.

Tot nou was Israel, *gegrond in die biologiese nageslag* van Abraham, die volk van God, met 'n besondere band en verantwoordelikheid en lojaliteit teenoor mekaar, omdat hulle erfgename was van die genadeverbond met Abraham.

Maar 'n nuwe gemeenskap, 'n nuwe familie, kom tot stand aan die voet van die kruis! Eenheid in Christus, op grond van geloof in Hom, bied nou toegang tot die genadeverbond, tot die mense van God, ja tot die familie in Christus. Dis gegrond op die genade van die regverdigmaking deur die bloed wat Hy stort ter wille van ons, sy Kerk!

Ons vind hier 'n vervulling van Christus se profesie in Mark 10: 29,30: *"Dit verseker Ek julle: Daar is niemand wat ter wille van My en ter wille van die evangelie afgesien het van sy huis of broers of susters of moeder of vader of kinders of eiendom nie, of hy kry nou in hierdie tyd honderd keer soveel: huise en broers en susters en moeders en kinders en eiendom, saam met baie vervolging, en in die bedeling wat kom, die ewige lewe."*

Beide die geliefde dissipel en Maria verloor die fisiese teenwoordigheid van Jesus hier by die kruis. Maar hulle kry honderdvoudig meer moeders, seuns, broers en susters in Christus. Hulle het hul

geliefde Jesus verloor, maar honderdvoudig ontvang hulle liefde, sorg, samesyn en 'n belewenis dat hulle inderdaad behoort aan mekaar *en aan elkeen wat werklik deel is van die Kerk van Christus.*

Toepassing:

Aan die voet van die kruis word 'n gemeenskap, 'n familie, gevorm waarin elkeen deel wat in Christus glo. Ek en jy en ons gemeente en elke broer en suster in die Here deel daarin. Aan die voet van die kruis word die gelowiges 'n familie, en ek en jy is deel daarvan! Ons hoef nooit verlate, eensaam en op onself aangewese te voel nie. Ons hoef nooit enige uitdagings alleen aan te pak nie. Ons hoef nie ons armoede, siekbed, hartseer of rou sonder steun en liefde te beleef nie. Want aan elkeen van ons broers en susters in die Here kom die woord van die kruis: "Daar is jou moeder" en "daar is jou seun".

Kom laat ons mekaar troos, help en ondersteun. Kom ons wees vriende, familie en geloofsgenote vir mekaar. Kom ons dien en versorg mekaar, na die voorbeeld van Jesus. Hierdie is 'n familieverband in 'n hoër orde as ons biologiese gesinsverband. In dié familie is God ons Vader en Christus ons oudste Broer, ons Middelaar, ons Verlosser en ons gemeenskaplike Vriend. Sy Gees woon in almal van ons en ons is deur een doop almal by dieselfde liggaam ingelyf! Ons deel in die gemeenskap met God ons Vader en Jesus Christus, sy Seun, deur die kragtige werk van die Heilige Gees!

Tannie Johanna het gereeld poskantoor toe gegaan. Sy moes eendag in 'n lang tou staan en sy het net seëls nodig gehad. 'n Besorgde persoon vra haar toe waarom sy nie die seëlmasjien gebruik en haarself die ongerief spaar om in so 'n lang tou te staan nie. Maar tannie Johanna het gesê: "Die seël masjien sal my nie vra hoe gaan dit met my artritis nie!"

Mense het kontak met ander mense nodig! Mense het 'n behoefte dat ander sal omgee vir hulle. Ons het mekaar nodig. Ons het deernisvolle samesyn nodig!

Gee en ontvang wat die essensie van Christen samesyn vas. Dit beteken dat jy nie Poskantoor toe hoef te gaan om iemand te vind wat belangstellend oor jou artritis navraag doen nie en dit beteken veral dat jy Jesus, die Brood van die lewe ontvang, wat in elke geestelike en ander behoefte voorsien wat jy het en dat jy Hom deel met elkeen in nood! Waar dit alles gebeur bestaan daar werklik 'n gemeente van Christus wat "onderlinge verbondenheid" ervaar. (Hand 2 : 42 - 47 - *Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede*)

Christen samesyn is twee-dimensioneel en dit moet eers vertikaal (met Christus) bestaan, voordat dit horisontaal (met my medegelowiges) uitgeleef kan word. Ons moet in werklikheid gemeenskap (samesyn) met God ons Vader en met sy Seun ervaar, voordat ons 'n gemeenskaplike gemeenskap met God en met ander kan deel. 1 Joh 1: 3: *"Hom wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle aan ons gemeenskap deel kan hê. En die gemeenskap waaraan ons deel het, is dié met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus."*

As ek nog nie gemeenskap met die Vader en die Seun het nie, is dit omdat ek nie 'n Christen is nie, en wie nie 'n Christen is nie, kan tog nie die vreugde van Christus met medegelowiges deel nie! Maar as 'n lewe van samesyn met Christus weselik deel van my lewe is, sal ek in onderlinge verbondenheid met my medegelowiges lewe, dien en aanbid! Dit is ons samesyn met God en sy Seun, deur die werk van die Heilige Gees, wat ons laat deel in 'n vreugdevolle gemeenskap met mekaar!

Slot:

Kom laat ons God prys vir die geseënde familie wat Hy aan die kruis vir ons gevorm het en verlos het om syne te wees en waarin ons mag deel. Kom ons gee al hierdie liefde en al hierdie trou en toewyding aan mekaar. Kom ons doen dit soos Johannes vir Maria in sy huis geneem het vanaf daardie kruisigingsdag! Kom ons gee vir mekaar praktiese liefde, omdat ons van die kruis af die Heiland se woorde tot by ons hoor kom: "Daar is jou ma" en "daar is jou seun!"

Dit is die Woord van die Here.

In die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Amen.